



# Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

# Leefkuns

# Gevolge

## 2 Samuel 12

Tradisie en die geskiedenis leer ons dikwels dat mense aan die bokant van die leer die reëls maak, maar dat hulle nie daarvolgens hoef te leef nie. Baie leiers (soos konings) in die geskiedenis het hierdie roete gevolg en eenvoudig die vroue gevat wat hulle wou hê, en ook die geld en voorregte wat hulle vir hulle toegeëien het. Niemand het daarom Dawid se "reg" om by 'n ander man se vrou te slaap uitgedaag nie. Dawid het vir Batseba gesien, kon sy wellus nie bedwing nie (2 Samuel 11) en het haar na hom toe laat kom (sover ons weet sonder protes van sy bediendes of Batseba) om met haar gemeenskap te hê. Eers toe sy verwagting raak, het 'n probleem ontstaan. Toe is Dawid - wat aanvanklik nie daaraan gedink het om met haar te trou nie, eers later - in die knyp. "Maar wat Dawid gedoen het was verkeerd in die oë van die Here" (11:27)

Die gevolge van ons besluite is nie altyd positief of wenslik vir ons nie. Inteendeel. Soms maak ons foute en dra ons baie swaar aan die gevolge daarvan. Maar dit is nie die volle prentjie nie. Alle gevolge van verkeerde besluite is nie negatief nie. En selfs al is dit negatief kan ons steeds iets daaruit leer en kan ons karakter daardeur gevorm word.

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat, sou jy hierdie "kuns" kan aanleer in jou lewe?*

### Definisie:

**Die verantwoordelikheid wat jy dra vir jou lewensbesluite en optrede**

*(Bybel 24/7)*



Huiskerk

Quellerina  
Gemeente

Leefkuns

Gevolge

Lees 2 Samuel 12

Ken almal die verhaal van Dawid en Batseba? Indien nie, kan iemand dit vertel?

Wat was die gevolge van Dawid se optrede met Batseba?

Dawid was koning, niemand het die reg gehad om hom te keer om te doen wat hy wou nie. Waarom sou Dawid dan probeer om sy dade te verberg?

David erken nie die duidelike manier waarop Nathan se verhaal oor hom gaan nie. Wat dink jy wys dit oor Dawid? Dink jy dat mense geneig is om hulself los van hul slegte optredes te maak? Hoekom?

Wat dink jy van Dawid se reaksie wanneer hy sy sonde ten volle erken? Is dit genoeg?

Wat beteken dit om in hierdie verhaal teen God te sondig?

Wat beteken dit om in hierdie verhaal deur God vergewe te word? Beteken vergifnis dat ons die gevolge van ons dade vryspring? As ons dit doen, hoe dan? As ons dit nie doen nie, wat beteken dit dan?

Het die berou en vergewing van Dawid vir Batseba saak gemaak?

Lees Psalm 51

Hoe lyk die proses van bekering in hierdie verhaal?

Hoe hou hierdie psalm van belydenis en berou verband met die verhaal in die vorige gedeelte?

Hoe is vergifnis 'n kragtige idee? Waarom dink jy is dit sentraal tot die Christelike geloof?

Hoe het jy die krag van vergifnis in jou eie lewe gesien?



Quellerina Gemeente